



HOËRSKOOL DURBANVILLE KOSHUIS



28 November 2023

Geagte Ouer/Voog

Hiermee die nodige reëlins en administrasie vir die Koshuisleerders vir 2024.

Die Koshuis open op Dinsdag, **16 Januarie 2024**, vir Graad 9-12 leerders. **Leerders moet tussen 14:00 en 16:00 by die Koshuis aanmeld.** Ouers mag leerders help om hulle kamers in te rig.

Ons wil graag om 16:00 'n informele verwelkomingsfunksie vir die ouers en leerders hou.

Etes sal vanaf die Woensdagoggend (ontbyt) aan leerders voorsien word. Ouers/Voogde moet dus asseblief sorg dat leerders 'n kospakkie vir Dinsdagaand, 16 Januarie 2024, het.

KOSHUISGELDE 2024

1. Weekverblyf

Leerders wat slegs gebruik maak van Koshuisakkommodasie en etes vanaf Maandag tot Vrydag se koste sluit die volgende akkommodasie en etes in:

- Maandag ontbyt
- Maandag middagete
- Maandag aandete
- Dinsdag ontbyt
- Dinsdag middagete
- Dinsdag aandete
- Woensdag ontbyt
- Woensdag middagete
- Woensdag aandete
- Donderdag ontbyt
- Donderdag middagete
- Donderdag aandete
- Vrydag ontbyt
- Vrydag middagete



Die koste per leerder wat begerig is om die volle week in te bly beloop **R39,200** per leerder per jaar. Hierdie bedrag is betaalbaar oor 10 maande soos volg: Januarie tot Mei en Julie tot November. Hierdie bedrag sluit nie die was van wasgoed in nie.

2. Naweekverblyf

Koshuisleerders wat gebruik wil maak van koshuisakkommodasie en etes vanaf Vrydagmiddae tot Sondaggaand se kostes vir akkommodasie en etes is as volg:

- Vrydag aandete
- Saterdag ontbyt
- Saterdag middagete
- Saterdag aandete
- Sondag ontbyt
- Sondag middagete
- Sondag aandete

Indien daar 'n wegwedstryd vir sport of deelname aan kultuur is, kan die betrokke leerder betyds 'n kospakkie in die plek van die middagete bespreek op voorwaarde dat dit korrek en betyds in die register vir die doel gelys is.

Die koste per leerder wat begerig is om die volle naweek in te bly, beloop R250 per leerder per naweek. Hierdie bedrag sluit in een wasgoedbondel per leerder per naweek.

Die koste per leerder wat begerig is om 'n gedeelte van die naweek in te bly, beloop R150 per leerder per naweek (beperk tot Vrydagmiddagete, Vrydagaandete, Saterdagontbyt, Saterdagmiddagete) Hierdie bedrag sluit nie wasgoed in nie.

Leerders wat naweeketes bespreek, sal hul geld verbeur indien hul nie opdaag vir die bespreekte etes nie, ongeag die rede vir afwesigheid, aangesien die geld reeds spandeer sal wees op die aankope van bestanddele.

3. Wasgoed

Die kostes beloop R50 per wasgoedbondel vir wasgoed wat in die week (Maandae tot Donderdae) gewas moet word. Wasgoed is vooruit betaalbaar en rekord sal gehou word. Alle items wat ingehandig word vir was, moet duidelik gemerk word, maar word ook op eie risiko ingehandig.

Leerders wat naweke inbly kan een bondel wasgoed per naweek inhandig waarvan die prys ingesluit is by die naweekverblyf van R250 per naweek.

Elke leerder wat van die wasgoed geriewe gebruik wil maak moet:

- 'n wasgoedsak wat gemerk is met naam en van hê.
- alle wasgoed hetsy dit kler (privaat, skool, sport) of beddegoed of handoeke **MOET** gemerk wees.
- GEEN ONDERKLERE OF SOKKIES NIE.

Die volgende skedule word gevolg vir die was van items:

- Maandag Privaat kler (15 kledingstukke)
Skoolkler 4 per leerder
Sportkler 6 per leerder
- Dinsdag Alle beddegoed met handoeke



- Woensdag Privaat klere (10 kledingstukke)
Skoolklere 4 per leerder
Sportklere 6 per leerder
- Donderdag Alle beddegoed met handdoeke
- Vrydag Privaat klere(15 kledingstukke)
Skoolklere 4 per leerder
Sportklere 6 per leerder

4. Breekskadedeposito

Die breekskadedeposito vir 2024 beloop R500 per jaar per leerder. Indien daar breekskade van u kind verhaal is, moet die bedrag weer aangevul word tot by R500. Deposito's word van jaar tot jaar oorgedra. Indien daar fondse oor is van 'n spesifieke leerder se deposito, sal dit aan die einde van sy/haar koshuisloopbaan in die finale koshuisrekening bereken word.

5. Medisynehouer

Pak vir jou kind 'n medisynehouer. Leerders mag hierdie medisynehouer by hulle hou of hulle kan dit by die Matrone inhandig. Leerders mag nie hulle medisyne met ander leerders deel nie. Merk die medisyne duidelik en skryf op die pakkie waarvoor dit is.

6. Benodighede

Beddegoed:

Duvet-"inner", kussing, kussingsloop, paslaken, duvet-oortreksel.

Skoolklere (dogters):

5x Skoolhemde (dogters met wapen)
2x Skoolrompies
5x pare sokkies
2x pare winterskouse
Skoolbaadjie en reënbaadjie
Skooldas
Skoolskoene (swart), politoer en borsel
Skoolsweetpak
LO-klere
Sportklere

Skoolklere (seuns):

5x Skoolhemde
2x kort grysbroeke (somer)
2x langbroeke (winter)
5x pare kouse
Skoolbaadjie en reënbaadjie
Skooldas
Skoolskoene (swart) politoer en borsel
Skoolsweetpak
LO-klere
Sportklere

Civvies

Nagklere, gemaklike t-hemde, tekkies, plakkies, gewone klere.

Toiletware

Badhanddoek en gesighanddoek, velsorgreëks, seep, tandeborsel, tandepasta, sjampoe, deodorant, skeerseep, skeermes.

Ander

2x Slotte vir jou kas
Sambreel en/of reënjas
Besem
Skoppie
Krat (vir skoene en wasgoed)
Lampie



Wenke

Dit is belangrik dat ons leerders ten alle tye netheid toepas. Ons stel voor dat u vir u kind 'n krat aanskaf, wat onder die bed, of bo-op die kas gesit kan word. Dit sal help met die kamer se netheid.



Skaaf asb. vir u kind 'n lampie aan vir kragonderbrekings.

Leerders word versoek om al hulle items te merk, selfs kouse en onderklere.

Leerders gaan toegelaat word om 'n aansteekbord op te sit waar hulle belangrike inligting soos roosters kan opsit. Hulle mag aansteekborde bring, die koshuis sal reël dat die borde opgesit word.

Vir enige verdere navrae kontak die Koshuisbestuur gerus.

Durbie-groete



KOSHUISBESTUUR

E-pos: рпиenaar@durbanvillehs.co.za Web: www.durbanvillehs.co.za

Adres: Hoërskool Durbanville Koshuis, Queenstr. 8, Durbanville, 7550

T: +27 (21) 976 2111 | F: +27 (21) 976 3189



DURBANVILLE KOSHUIS: BANKBESONDERHEDE

BANK: ABSA Bank
TAKKODE: 632005
REKENING NO: 141 015 5075
E-pos adres: yvermeulen@durbanvillehs.co.za